e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 Maart 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 6

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Om te bid of nie

As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra? **(Matteus 7: 11)**

My eerste gedagte toe iemand my vertel van die dominee wat sou sê dat gebed nie werk nie, was die storie oor die jare lange inwoner van 'n Karoodorpie se kommentaar op die boere se biddag vir reën. Sy reaksie was: *Julle kan bid soos julle wil, ma dit sallie kom reent nie. Die wind waai verkeerd.*

Die betrokke dominee beweer dat hy by die Bybel en die belydenisskrifte bly, en meen sy nuwe teïstiese beskouing is gewild onder die jong geslag. Ek gaan nie daarop uitbrei nie, want sy eie Kerk het hom mooi reggehelp oor hoe ver weg hy eintlik van die Bybel en belydenisskrifte is. Ons kan wel vir hom dankie sê vir die uitspraak, want soos gewoonlik het dit 'n klomp mense in beweging gebring. Ons eie Kerk se deelname aan die jaarlikse Bybelvasvra wat handel oor Matteus 1-7 en die Onse Vader behoort na dese ook baie meer deurdag te wees.

In Matteus 7: 7 sê Jesus: *Vra, en vir julle sal gegee word...* Hierdie gedeelte het mense al die soetsappigste getuienisse laat lewer oor hoe God net reg staan om in elke gril en gier van mense te voorsien. Ekself het al 'n paar kere by iemand se sterfbed gestaan, waar mense sinspeel op die gewaarborgde uitkoms van gebed. Hieroor is die betrokke dominee reg as hy sê dat hy al die verkeerde uitkoms van sulke gebede gesien het. Ek ook, en ek dink die meeste mense het dit al beleef.

Maar dit baat om te onthou dat God nie deur my wel en wee bewys word nie. Dit wat ek ervaar, is ook nie die klinkklare bewys van wat waarheid is of nie. Om te wil weet wat ons oor gebed kan sê, moet ons na die enigste bron toe gaan, en dit is die Bybel. En in die Bybel vind ons die wonderlikste en mees uiteenlopende getuienisse oor gebede.

Die Bybel vertel van kinderlose egpare wie se gebede verhoor is en van dankliedere wat in die vorm van gebede tot God gerig word. Die Bybel vertel van gebede wat deur God verhoor is en gebede waar God anders besluit het, soos toe Jesus gebid het: *Laat hierdie lydensbeker tog by My verbygaan!* Die Bybel vertel ons dat God ons Vader is en dat ons sekere dinge van Hom mag vra, soos vergifnis, daaglikse brood en die uitbreiding van sy koninkryk. Die Bybel leer ons dat ons van God mag vra om ons te beskerm en te bewaar van alle onheil en selfs ook van ons sondige begeertes. Die Bybel leer ons om te bid vir God se seën en liefde in ons lewe, en dat ons vir ons vyande moet bid.

Die Bybel leer ons dat lang en indrukwekkende gebede onnodig is, omdat God alreeds weet wat ons nodig het. God troos ons dat wanneer ons voel dat ons teen die plafon vas bid en ons nie meer weet wat om te sê nie, sal die Heilige Gees vir ons by God intree met versugtinge wat nie in woorde gesê word nie. Of God vir my gebede luister, word in Matteus 7: 11 geantwoord: *As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?*

Ds Marius Bacon, El-Flora

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Hans Britz

Ds Pierre Roets

Beroep ontvang

- **Ds Hans Britz** van Outjo/Otjiwarongo na Vryburg

Beroep bedank

- **Ds Pierre Roets** van Springs-Oos na Windhoek

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Hennie la Grange

- **Ds Hennie la Grange**, vroeër predikant van Durban-Suid en tans verbonde aan die Christelike Seemansorganisasie (CSO), is die afgelope week gediagnoseer met kanker in die maag. Ds Hennie en sy vrou Susan woon tans in Londen, waar hy as predikant werk by die International Christian Mariner’s Association, waarby ook die CSO van Suid-Afrika geaffilieer is. Ds Hennie se ouers, Louis en Maureen, is lidmate van Gemeente Laer Suidkus. Die Kerk se voorbidding word vir ds Hennie, sy gesin en familie gevra.

Ds Arnold Viljoen

Ds Willie Herbst

- **Ds Arnold Viljoen**, jare lank predikant van Gemeente Joachim Prinsloo en tans predikant van gemeentes Grootfontein en Tsumeb, is verlede week in ’n frats-motorongeluk ernstig beseer. Hy is opgeneem in die intensiewe afdeling van die hospitaal in Windhoek en sy toestand is steeds kritiek. Hy is aan ’n dialisemasjien gekoppel aangesien die werking van sy niere nie wil normaliseer nie. Die Kerk se voorbidding word vir ds Arnold en sy gesin gevra.

- Emerituspredikant **ds Willie Herbst** het verlede week ’n groot rugoperasie ondergaan. Hy is tans nog in die Eugene Marais-hospitaal. Ons bid hom sterkte en spoedige beterskap toe.

- Emerituspredikant **ds At McDonald** verswak steeds nadat hy geruime tyd reeds ’n stryd voer teen kolonkanker. Verskeie kollegas het hom onlangs besoek, onder meer prof Johan Koekemoer, prof Gert Pelser en dr Daan van Wyk (sr). Die afgelope week het dr Fanie Pretorius en mnr Kobus Viljoen hom besoek. Ds Mc Donald vra dat sy waardering aan al die kollegas, lidmate en vriende in die Kerk oorgedra word vir hul voorbidding en belangstelling. Te midde van sy pyn en swakheid, bly hy positief en is hy ’n geloofsvoorbeeld vir elkeen wat hom besoek. Die Kerk se voorbidding word steeds vir ds At en sy vrou gevra.

Ds Joseph Steÿn

- **Ds Joseph Steÿn** is verlede Saterdag getroud. Sy kollega en vriend, ds Leslie Kern, het die huweliksbevestiging waargeneem. Ds Steÿn se vrou is ’n medikus en werk tans in Kimberley. Hulle word hartlik geluk gewens. Ds Steÿn se vader, prof Das Steyn, is sekunduslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV).

- **Di Joseph Steÿn en Leslie Kern** doen waardevolle werk in die Kuruman-kombinasie in die uitgestrekte Noord-Kaapse ring. Gemeentes van die Kerk tree vir twee jaar as vooggemeentes vir die Kuruman-kombinasie op. Dit is steeds die oortuiging dat die kombinasie na die twee jaar die standplase selfstandig sal dra. Met die finansiële hulp en geestelike ondersteuning van die vooggemeentes, gaan die kombinasie van krag tot krag.

- Op 17 Maart vier **tannie Issie de Beer** van die Louis Trichardt-tehuis in Danville haar **100ste verjaardag**. Sy is nog baie aktief, en op 23 Januarie het sy nog self kerk toe geloop toe die bussie nie kon ry nie. Op Sondag 13 Maart gee Gemeente Elandspoort vir haar 'n spesiale tee om haar verjaardag te vier. Die kerk is geleë op die hoek van Knight- en De Villiersstraat, Danville. Navrae aan Mara Holtzhausen by 012 355 1067, 012 386 9961 of 082 636 8817, of ds Herman van den Berg by 082 326 6400.

- Ons wens graag alle predikante en lidmate wat hierdie naweek aan die **Argus-fietstoer** deelneem, baie sterkte toe. Laat weet ons gerus hoe dit gegaan het, en stuur vir ons foto's!

- **Die volgende predikante verjaar van 10 tot 18 Maart**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 10 Maart: Di Thomas Dreyer (Wapadrant) en Hardie Kotzé (Schweizer-Reneke)
  - Vrydag 11 Maart: Dr Malan Storm (Meyerspark)
  - Saterdag 12 Maart: Ds Jaco Dreyer (Empangeni)
  - Sondag 13 Maart: Ds Rudi Rust (Vanderbijlpark-Suid)
  - Woensdag 16 Maart: Di Gerrie Botha (Viljoenskroon) en Arie Kuyper (Villieria)
  - Donderdag 17 Maart: Dr Daan van Wyk (sr) (emeritus)
  - Vrydag 18 Maart: Di Pieter Furstenberg (Richardsbaai), Robby Pienaar (Ogies) en Piet (PS) van Staden (emeritus van Witrivier)

- Die geleentheid waartydens die **finalejaarstudente van 2010** toegelaat word tot die evangeliebediening, vind plaas op **Donderdagaand 10 Maart om 19:00** in die kerkgebou van Gemeente Pretoria. Die erediens word gelei deur dr Wouter van Wyk, vader van student Wouter van Wyk. Die Ondertekeningsformulier word voorgehou deur dr Wim Dreyer, vader van student Petrus Dreyer en viseskriba van die Kommissie van die AKV. Die oorhandiging van die akademiese toekennings word behartig deur die dekaan van die Teologiese Fakulteit, prof Johan Buitendag. Prof Buitendag sal ook gelukwense namens die Fakulteit oordra. Gelukwense namens die Kommissie van die AKV en Kuratorium sal onderskeidelik deur dr Daan van Wyk (jr), voorsitter van die Kommissie, en dr Gerhard Lindeque, voorsitter van die Kuratorium, oorgedra word. Die legitimasiegeleentheid word reeds vir baie jare bygewoon deur die viserektor en sy vrou, prof en mev Chris de Beer. Vanjaar sal die rektor, prof Cheryl de la Rey, ook die geleentheid bywoon.

  Die studente wat na die plegtigheid beroepbaar gestel word, se kontakbesonderhede is soos volg:
  - Maritza Botha 079 154 4154 / maritzabotha@gmail.com
  - Yolandé Benadé 082 410 0092 / yellowyollie@yahoo.com
  - Petrus Dreyer 082 453 8094 / dreyer.petrus@gmail.com
  - Annezel Otto 084 816 4037 / aotto@cellc.blackberry.com
  - Pieter Rossouw 083 379 8287 / pieter.rossouw7@gmail.com
  - Lisa-Mari Swanepoel 083 943 4561 / lisamari.swanepoel@gmail.com
  - Wouter van Wyk 072 225 7986 / wouterjr@msn.com

- **Dr Gert Volschenk** skryf soos volg uit Nieu-Seeland:

  Dit gaan baie goed met ons in Whangarei. Ons is geseënd met lewe, werk en gesondheid. Die gemeente groei stadigaan en werk goed saam. Op Sondag 13 Februarie 2011 het die gemeente die eerste jaar van eredienste hier gehou, gedenk. Ons het 'n gesonde kern van tussen 40 en 50 lidmate gevestig, en ek glo dat die Here ook vir ons verdere groei in getalle sal gee. Ek is dankbaar om

elke week die *e-Hervormer* te ontvang en so kontak met die Kerk te hou. Ek waardeer die voorbladartikels van my kollegas, in die besonder die bydrae van ds Gys Els verlede week. Ek worstel self ook met Chip Ingram se werk oor 'n hoë-impakgemeente en Rick Warren se Doelgerigte Kerk.

Daarmee saam skryf ek ook op my af dae aan 'n werk oor Matteus (geloof wat berge versit) en 'n werk oor die lerende en emosioneel intelligente gemeente. Die skofwerk by die Gevangenisdiens vang my net met tye.

Dit gaan goed met my vrou en twee dogters. Hulle is ook baie gelukkig in Nieu-Seeland. Ons harte en gedagtes is ook met almal wat swaar deur die aardbewing getref is en die emosionele impak wat dit op die land en sy mense het.

Ons familie, geliefdes en die Hervormde Kerk is voortdurend in ons gedagtes en gebede. Ons glo en vertrou dat die Here u almal sal seën en beskerm. Ons moet almal in die geloof volhard totdat ons Here Jesus weer kom.

- Die lys met ringsvergaderingdatums wat in die *e-Hervormer* van 24 Februarie gepubliseer is, is korrek, ten spyte van verlede week se berig dat Zeerust se datum verkeerd was. Gemeentes moenie die **ringsvergaderings** en die **ringsdiakensvergaderings** met mekaar verwar nie!

- Afgevaardigdes na die 69ste AKV wat **dasse** by die studente van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** bestel en betaal het, word gerusgestel dat die studente nie daarvan vergeet het nie. Die verskaffers is steeds besig met die dasse wat gelewer moet word, en dit behoort binnekort versend te word.

- Gemeente Philadelphia het op Sondag 13 Februarie 'n feestelike resepteboek uit eie bodem bekendgestel, met die titel ***Philadelphia-Feestafel***. Dit is die realisering van 'n vyf jaar lange projek. 56 dames het hul beste beproefde resepte na die feestafel gebring. Die eindproduk met sy 415 resepte is inhoudelik en redaksioneel deur Louise Geyser en grafies deur Hanlie Slabbert versorg. Louise het al resepteboeke in verskeie gemeentes uitgegee, die bekendste dié van Delareyville wat in 1972 uitgegee is en steeds in aanvraag is. Die verkoopprys van ***Philadelphia-Feestafel*** is R150. Dit is 'n boek wat jy definitief op jou kombuisrak wil hê, en dit sal ook as 'n ideale geskenk dien. Die eerste oplaag boeke is reeds uitverkoop en 'n tweede bestelling gaan nou geplaas word. Bestellings kan geplaas word by Louise Geyser by **louise.geyser@absamail.co.za**, 012 361 0579 of 082 560 4279, of by Rue Hopley by **gemeentebestuurder@nhk.co.za** of 012 362 7237.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 13 Maart om 09:00: Gemeente Sasolburg: Erediens in gebaretaal**
  Met **ds Jan-Harm Barkhuizen** van Werkgroep vir Gestremdes
  Kontak Bernette van Straaten by 016 976 4903 of 082 445 6732
  Kontak ds Barkhuizen by 073 217 6929 of **harm@nhk.co.za**

- **Vrydag 15 tot Sondag 17 April: Gemeente Volksrust: 150ste verjaardag**
  Vrydag: Feesbasaar
  Saterdag: Voorbereidingsdiens en formele ete
  Sondag: Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en vingerete
  Kontak ds Paul Buitendag by 082 853 8900 of **buitendagp@telkomsa.net**

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

Toere

- **18 April tot 2 Mei: Egipte en Turkye**
  Onder leiding van **ds Martin Slabbert**
  Besoek **www.indievoetspore.co.za** of kontak ds Slabbert by 082 655 4787

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte

- **Saterdag 12 Maart om 19:00: Gemeente Johannesburg-Wes**
  Orreluitvoering
  Op 3-manuaal Ganser-orrel met 1 400 sprekende pype
  Orrelis Marten van Wyk en soliste
  R50 vir volwassenes, kinders onder 10 gratis
  Kerkgebou naby Westdene-dam, in Tenbystraat, agter stadion van UJ
  Verversings na die uitvoering
  Skakel Paul Bester by 083 241 5002

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
  Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman
  Tema: *Soetgoed vir die gesin*
  Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
  Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989

- **Sondag 20 Maart om 14:30: Gemeente Erasmia**
  Tjellis Ha!Man (Francois le Roux)
  Kom beleef spontane kreatiewe energie op sy beste!
  By Gemeente Swartkop, Irelandlaanverlenging, Eldoraigne
  R50 per volwassene en R35 per skolier
  Skakel 072 563 7821 of 072 286 7944 vir meer inligting en besprekings
  of e-pos **marilene.heunis@gmail.com** of **magdaf@etana.co.za**

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Luister na Juanita du Plessis in die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk

Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 19 Maart: Gemeente Mafeking Gholfdag**
  Leopard Park-gholfklub
  Neem deel en wen ’n prys
  Borge welkom
  Kontak Pokkels Ackerman by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Tzaneen: Jagkompetisie**
  R100 per kaartjie, trekking van wenkaartjies 5 Mei
  1ste prys: 1 eland, 2 rooibokke, 2 nagte akkommodasie vir 2 jagters en 2 nie-jagters by Tranquil Nest tussen Alldays en Pontdrift
  2de prys: 1 koedoe, 2 rooibokke, ’n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom, Mooketsi, Limpopo vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  3de prys: 1 blouwildebees, 2 rooibokke, ’n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  Troosprys: 2 broodbome
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514
  of Emmarentia by 015 307 4508

Basaars en markte

- **Vrydag 11 tot Saterdag 12 Maart: Gemeente Bronkhorstspruit: Basaar**
  Vrydag Braairestaurant
  300 g biefstuk met skyfies en slaai @ R70 per persoon
  Etes vir kinders @ R35
  Saterdag sportkaperjolle
  Pret, kos, vleis – proe die heerlike wors wat landwyd bekend is
  Kontak gemeente by **nhbhs@telkomsa.net** of 013 932 2929

- **Saterdag 12 Maart: Gemeente Heilbron: Riemland-karnaval**
  Deel van 2011 se viering van 100ste verjaardag
  Stalletjies, potjiekoskompetisie met inskrywings van oral oor Vaaldriehoek
  Vir kinders ponieritte, springkasteel en seepglybaan
  Manne van Vereeniging en boere van Heilbron op verfbalbaan
  Skakel ds Herman Gothan by 082 773 4740

- **Saterdag 12 Maart vanaf 08:00: Ons Tuis: Basaar**
  By die Dienssentrum
  Heerlike pannekoeke, vetkoeke, ander gebak, en naaldwerk deur inwoners
  Almal welkom – gebruik ingang in Parkerstraat
  Navrae aan 012 329 3623 / 4 / 5

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

- Die **Kommissie van die AKV** het op 4 en 5 Maart ’n geslaagde werkwinkel gehou. Dr Daan van Wyk (sr), prof Theuns Dreyer en dr Wim Dreyer het as sprekers opgetree. Sake wat tydens die vergadering hanteer is, sal weer by die Kommissie se vergadering op 10 en 11 Maart bespreek word.

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Direkteur: Kontekstuele Bediening** by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Die **sluitingsdatum is 31 Maart 2011**. Kontak prof Malan Nel by 012 420 4951 vir meer inligting. Volledige besonderhede verskyn ook as aanhangsel by die vorige twee uitgawes van die *e-Hervormer*. Gaan na **www.hervormer.co.za** om toegang tot vorige uitgawes te kry.

- Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van **Redakteur** van die maandblad ***Die Christelike Vrou***, om diens te aanvaar op 1 September 2011. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

  - **Vereistes:** Lidmaat van die NH Kerk van Afrika; naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie; ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek; kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.

  - **Vaardighede**: Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaar-geletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in ’n span saam te werk; vermoë om ’n span te motiveer.

  Aangesien *Die Christelike Vrou* deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

Hierdie is ’n deeltydse pos. Stuur CV **voor of op 31 Maart 2011** aan **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**, of faks na 086 693 7955, of kontak die NHSV-kantoor by 012 325 0117.

- Die produksiespan van ***Konteks*** het eindelose plesier gehad met die samestelling van die verjaardagbylaag wat in die April 2011-uitgawe ingebind is. Hulle kon selfs daarin slaag om die eerste redakteur, dr Paul de Beer, daarby te betrek. *Konteks* vier sy **21ste verjaardag** gedurende April. Op die foto is Tessa Oppermann saam met dr De Beer en dr Wian Kloppers, die twee redakteurs wat *Konteks* die afgelope 21 jaar met groot entoesiasme aan die Kerk beskikbaar gestel het.

- Die **King James Version (KJV)** van die Engelse Bybel herdenk vanjaar sy 400ste bestaansjaar. Bybelgenootskappe wêreldwyd versprei ongeveer 600 000 eksemplare daarvan per jaar. In Suid-Afrika het die Bybelgenootskap in 2010 byna 33 000 gedrukte eksemplare versprei, en ’n verdere 38 000 King James Bybels is gratis op selfone afgelaai. Die KJV is in 1611 gepubliseer en het gou die mees geliefde Bybel van miljoene Engelssprekendes geword. Dié Bybel was aan boord van die Mayflower saam met die pelgrimsvaders op pad na Amerika, saam met seelui wat die oseane van die wêreld deurkruis het, en saam met sendelinge na Indië en Afrika. Dit was onder andere die Bybel van die 1820 Setlaars wat na Suid-Afrika gekom het. Dr David Crystal, ’n kenner oor die ontwikkeling van die Engelse taal, sê ook dat niks of niemand, nie eers Shakespeare nie, meer vir Engels gedoen het as juis hierdie vertaling van die Bybel nie.

  Die 400ste bestaansjaar word in Suid-Afrika egter met ’n wyer tema, ***Die Bybel is vir almal***, herdenk. Verskeie geleenthede, byvoorbeeld ’n motorfietstoer deur die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, die Vrystaat en Gauteng om die Bybel te bevorder, ’n teologiese dag, ’n uitstalling oor *The Book of Books* by die Nasionale Biblioteek in Kaapstad, en ’n *Songs of Praise*-geleentheid word beplan om mense se aandag op die KJV en op Bybelvertalings in al die tale van ons land te fokus.

  Die feesjaar is op Vrydag 4 Maart tydens ’n galadinee in die Indaba Hotel in Fourways, Johannesburg, bekendgestel. Daar is veral op die vertaling van die **Bybel in Suid-Ndebele** gefokus. Suid-Ndebele is die enigste amptelike taal in Suid-Afrika wat nog nie oor ’n volledige Bybel beskik nie.

  Twee spesiale Engelse Bybels verskyn vanjaar ter herdenking van die 400ste bestaansjaar van die KJV: ’n spesiale gedenkuitgawe van die KJV met bykomende materiaal in volkleur teen R125 per eksemplaar, en ’n uitgawe van die Good News Bybel wat teen slegs R28 per eksemplaar verkoop word.

- Die **Nuwe Hart Stigting** vra vriendelik dat gemeentes op **Sondag 13 Maart** tydens eredienste oor die tema van hoop sal gesels of preek. Vir moraliteitsherstel is hoop die etiese vertrekpunt. Besoek **www.nuwehart.co.za**.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 18 Maart plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

o Donderdag 10 Maart:	Kommissie van die AKV
o Vrydag 11 Maart:	Kommissie van die AKV
o Maandag 14 Maart:	Direksie en Finkom van die Ondersteuningsraad; Redaksie van *Konteks*
o Woensdag 16 Maart:	Bejaardesorg
o Donderdag 17 Maart:	ADV-dagbestuur; Direksie van Ons Tuis
o Vrydag 18 Maart:	Finkom van die Ondersteuningsraad

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Kan iemand dapper genoeg asseblief kommentaar lewer op die NG predikant se stelling dat gebed nie werk nie? Hy het ook op RSG – Praat saam gepraat.

Dankie vir insiggewende leesstof en nuus."

Mev Lorien Koekemoer, Rooihuiskraal

(Hoop u geniet hierdie week se voorblad!)

"Ek het die gedeelte in die *e-Hervormer* gelees waar die toekomstige proponente kommentaar lewer na afloop van hul prakties. Ons wil net weet of daar nie ook kommentaar is van die ander drie nie. Dit sou iets wees wat ons kon gebruik."

Voorsitter: Ouderlinge, Barberton

(Ons het al die kommentaar wat ons ontvang het, geplaas. U sal al sewe se kontakbesonderhede elders in hierdie nuusbrief vind.)

"In verlede week se *e-Hervormer* staan daar dat tannie Ann Kay reeds 45 jaar ononderbroke diaken is. Dit sou beteken sedert 1966. Die Kerk het in 1973 by die AKV besluit dat vroue diakens kan word in gemeentes, dus 38 gelede. Iets klop dus nie."

Nándor Sarkady, Argivaris

(Prof Bieks Beukes antwoord: My feite lyk my is verkeerd. Sy het in 1973 diaken geword en is dan 38 jaar ononderbroke diaken.)

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

SKOPUS BESIGHEIDSKONSULTANTE
Die Doeltreffende Entrepreneur
Seminaar op 14 en 21 Mei 2011
Voorkeurprys vir eerste 100 registrasies: R1 350 per persoon
Normale prys: R1 800 per persoon
Groep van Ses met afslag: R1 000 per persoon
(al 6 lede van groep moet bywoon)
Kontak **info@skopus.co.za** **voor 15 April 2011** om te registreer

Plakkate beskikbaar by SENTIK

Gemeentes kan prag-plakkate in die SENTIK-boekwinkel koop om in hul konsistories en kategeselokale aan te bring, of aan lidmate te verkoop.

Die plakkate kos R40 elk. Die volledige stel van 8 plakkate (7 oor die geskiedenis van die Hervormde Kerk en 1 oor die liturgiese jaar) kos net R250. Die afmetings van die plakkate is 41,5 cm breed x 59 cm hoog.

In hierdie stadium word die plakkate nie per pos versend nie. Besoek gerus die boekwinkel in Barton Keep by die Sinodale Kerkkantoor.

Reëlings word ook getref dat ampsdraers uit Pretoria wat Ringsvergaderings bywoon, van die plakkate saamneem om dit in die ringe te verkoop. Gemeentes is welkom om vooraf met die betrokke verteenwoordigers hieroor in verbinding te tree.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 245 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx